„Signs” en „Tekens” Veldtog.—Die jaarlikse veldtog in hierdie verband laat veel te wense oor. As hierdie veldtog op dieselfde grondslag georganiseer sou word as die Oesinsamelingsveldtog, en net so getrou ondersteun sou word deur ons werkers en leke, sou ons die intekenaarslyste aansienlik kan uitbrei.

„Review and Herald” Veldtog.—Die getal wat jaarliks op hierdie blad inteken is betreurenswaardig. Oor die afgelope ses jaar is daar nie eens 200 nuwe intekenaars gewerf nie. Dit sal miskien wenslik wees vir konferensies om in aanraking te kom met al die Engelssprekende lede, ten einde die blad by hulle aan te beveel en hulle te versoek om daarop in te teken.

Ten Besluite

Ten besluite haal ons 'n bekende stukkie uit die Gees van profesie aan: „Die werk van God op hierdie aarde sal nooit voleindig word nie, aler die manne en vroue in ons gemeentes die werk aanpak nie.”—*„Testimonies,” Deel. IX, bl. 117.*

Op die oomblik is daar nie eens vyftig persent van ons kerklede wat sendingwerk doen nie. Ons doen 'n ernstige beroep op ons konferensie- en sendingveldleiers om alles in hulle vermoë te doen om die ander vyftig persent van die kerklede ook aan die werk te kry. Die Buurtsending Departement sê aan u sy volle steun toe.

Departement vir die Verspreiding van Leesstof

F. F. POTTER

DIE rapport onder hierdie hoof is baie bemoedigend, hoewel daar natuurlik nog ruimte vir verbetering is—veral in die Naturelle afdeling.

Boeke Verkoop

Die volgende verslag gee die syfers aan oor die afgelope ses jaar, vergeleke met die vorige sesjarige tydperk:

Kolporteurs	37	42
Bestellings	£90,553 6 1	£93,581 1 11
Afgelewer	£55,409 9 10	£59,143 18 7
Persentasie	61	63

Die waarde van boeke wat oor die afgelope sesjarige tydperk verkoop is, oortref die van die vorige tydperk met £3,734-8-9. Dit is nie 'n groot bedrag nie, maar as ons daaraan dink dat gedeelte van die tydperk sommige van die kwaaieste depressiejare ingesluit het, dan is dit darem nie so sleg nie.

Die puikjaar wat die verkoop van boeke betref in hierdie Divisie, was 1929, toe daar boeke ter waarde van £12,309 van die hand gesit is. Verlede jaar het ons £11,767 bereik—slegs £542 minder as die puikjaar. Hieruit blyk dit dat die departement in 'n gesonde toestand verkeer en vooruitgang toon.

As ons die per capita bedrag neem, sal u sien dat ons taamlik hoog op die lys staan. Die Australasië Unie is die enigste veld wat goed by ons afsteek.

Ons het gesorg dat daar altyd meer godsdienstige boeke verkoop word as mediese boeke. Oor die afgelope ses jaar is daar gemiddeld 62% meer godsdienstige boeke van die hand gesit, vergeleke met mediese boeke; en daar is gemiddeld 54% meer Engelse as Afrikaanse boeke verkoop.

Voorrade

Europese Afdeling.—Die Sentinel Uitgewers-Maatskappy het boeke ter waarde van £5,384 voorradig, wat baie stadig verkoop; dit sluit in ses van die grotere en drie van die kleinere boeke. Die prys van meeste van hierdie boeke is verlaag, sommige tot op 75%, maar selfs dit het tot dusver nie veel gehelp om ontslae te raak van die boeke nie. Dan nog, het hulle 3,450 eksemplare van *Our Changing World* voorradig—hierdie boek verkoop ook onrusbarrend stadig. Ernstige pogings moet aangewend word om hierdie boeke van die hand te sit, selfs teen 'n verlies, anders sal ons later met die boeke opgeskeep sit.

Die feit dat ons gedurende 1936 geen groot boek in Afrikaans in voorraad gehad het nie, het die verkoop-syfer laag gehou. Hierdie jaar sal dit weer die geval wees, want hoewel „Bible Readings” en „The Home Physician” tans in Afrikaans vertaal word, sal die boeke eers vroeg in aanstaande jaar beskikbaar wees. Die mening is dat ons nog een van die kleiner boeke in Afrikaans behoort te hê; daar is voorgestel dat *Our Wonderful Bible* vertaal moet

word. Maar dit sou onverstandig wees om hierdie boek in Afrikaans uit te gee, met die oog op die groot voorraad van „Ons Veranderende Wêreld” wat nog op hande is.

Naturelle Afdeling.—In die Naturelle afdeling hou ons tred met die behoeftes van die veld.

Kolporteurs

Die bresse in die geleedere van ons kolporteurs bring groot besorgdheid mee vir ons veldleiers. Ons getal lidmate is maar baie klein, en onder hulle weer is daar maar min mans. Dit is dus uiters moeilik om geskikte rekrute aan te werf. Die kolporteurwerk van vandag vereis nog groter bekwaamheid en taaier volharding as ooit tevore, en die persentasie manne wat hierteen opgewasse is, is maar baie klein. Die gewoonte wat daar in sommige kringe bestaan om suksesvolle kolporteurs in ander betrekkings aan te stel, is af te keur. As ons glo wat die Gees van profesie omtrent die kolporteurwerk sê, dan behoort alle konferensie presidente en superintendente van sendingvelde te sorg dat hulle kolporteurs-werkkragte in die veld bly.

In 1936 is daar 'n fonds vir Europese hulpbehoewende kolporteurs wat weens 'n ongeluk of siekte verhinder is om te werk. Hierdie fonds maak ook voorsiening sodat kolporteurs dieselfde mediese voorregte kan geniet as die gereëldes werkers. Ons meen dat hierdie fonds tot groot hulp sal wees vir ons kolporteurs in die toekoms.

Gedurende die afgelope sesjarige tydperk het die student-kolporteurs hulle goed van hulle taak gekwyd; daar is ses-en-twintig Europese en veertien Naturelle beurse gewin.

Siele Gered as Gevolg van die Werk van Kolporteurs

Dit is moeilik om te sê presies hoeveel siele daar gewin is as gevolg van die werk van kolporteurs. Ons weet van ten minste dertien Europese en vyf-en-sewentig Naturelle bekeerlinge wat gewin is as die regstreekse gevolg van die kolporteurwerk gedurende die sesjarige tydperk in oorsig.

Vooruitsigte vir die Toekoms

Wat die Europese departement betref voel ons dat ons ons puikjaar, toe ons die bedrag van £12,309 bereik het, nie met meer as 25% sal kan oortref nie, want ons het nie die afsit gebied nie. In die Naturelle afdeling is daar ruimte vir verbetering, want daar is 'n groot afsit gebied wat nog skaars aangeraak is. Dit is bemoedigend om te sien dat die twee sendingvelde binne die Unie elk 'n Europese sekretaris aangestel het. Ons glo dat hulle binnekort 'n aansienlike getal kolporteurs in die veld sal hê. By 1939 behoort ons 'n groot verbetering in die Naturelle afdeling te sien.

In die noorde is die kolporteurwerk baie beperk weens die feit dat so baie van die Naturelle ongeletterd is, en ook maar baie min verdien. Daar word goeie werk gedoen in die Samesie Unie, en tot 'n sekere mate ook in die S. O. A. Unie, maar in die Kongo en Angola Unies word daar nie veel lees-

stof aan die Naturelle verkoop nië. Ons meen dat daar in die Kongo meer gedoen kan word, en ek hoop om daardie gebied te besoek om ondersoek in te stel. Twee Europese kolporteurs uit Portugal het Angola besoek en hulle het heelwat leesstof onder die Portugese in Angola versprei.

Ten besluite wil ek 'n dringende beroep doen op ons werkers om hulle hartlike samewerking sodat ons ons kolporteurwerk kragte kan vermeerder ten einde ons leesstof te versprei, wat so baie oor die ganse wêreld doen om die werk van God te verkondig.



Aanbevelings van die Departement vir die Verspreiding van Leesstof

In Sake: Voltydse en Deeltydse Kolporteurs

AANGESIEN daar nie duidelikheid bestaan oor wat bedoel word deur voltydse en deeltydse Europese kolporteurs;

Besluit ons dat iemand wat in die toekoms 'n proeftyd van ses maande deurgemaak het en wat daarna nie minder as 120 uur per maand gedurende die jaar aan kolporteurwerk bestee (die tyd deurgebring op konsensies, kampdienste en vakansies uitgeslote), as gereelde kolporteur beskou sal word.

En diegene wat nie minder as tien uur per week gedurende die jaar werk, sal as deeltydse kolporteurs beskou word.

Die Kolporteurs Moet in die Skole Aangekweek Word

AANGESIEN daar gedurig groot behoefte is aan goeie leiers in die Departement vir die Verspreiding van Leesstof

Beveel ons aan dat daar 'n beroep gedoen word op ons leiers op onderwysgebied om gedurig die belangrikheid en die waardigheid van die werk om siele te win deur middel van die leesstofbediening, die gulde geleentheid wat daar is om betrekkings te vul as kolporteurs en veldleiers, aan ons jongmense voor te hou.

Met hierdie doel voor oë

Beveel ons verder aan: (a) Dat daar kolporteursverenigings gestig word in ons kollege, nie later as die begin van die tweede half-jaar nie.

(b) Dat daar, waar moontlik, 'n kursus in Evangelisasie deur middel van Leesstof by die kurrikulum gevoeg word.

(c) Dat die feit dat daar studiebeurse kan verdien word deur middel van die kolporteurwerk gedurig voor die studente gehou moet word, asook die feit dat sulke werk goeie opleiding verskaf vir toekomstige leierskap in die leesstofbediening, sowel as finansiële hulp gedurende die kollege jare.

Kortings en Toelae aan Boek-Depôts

AANGESIEN daar van die plaaslike konferensies se Boek-Depôts verwag word dat hulle volle verantwoordelikheid sal aan-

vaar vir alle skuld en verliese in verband met hulle voorrade, hetsy van die kant van kerke of kolporteurs, en

AANGESIEN daar nie voldoende toelae aan Depôts gemaak word om selfgenoegsaam te wees nie, en

AANGESIEN die Depôts nie die korting kry van die Uitgewers-Maatskappy op sekere soorte leesstof, soos aanbeveel deur die Wêreldkonferensie se betrokke departement nie,

Beveel ons aan dat die Divisie versoek word om die kortings wat tans aan Boek-Depôts toegestaan word deur die Sentinel Uitgewers-Maatskappy, in oorsig te neem.

Kolporteurslisensies

AANGESIEN daar 'n aantal kolporteurs is wat boeke verkoop sonder in besit te wees van die nodige lisensie soos deur die wet voorgeskryf,

Beveel ons aan dat die uitvoerende komitees van alle konferensies en sendingvelde daarop sal aandring dat alle kolporteurs die vereistes van die wet sal nakom wat die uitneming van lisensies betref en dat hulle sal toesien dat alle kolporteurs in besit van lisensies is.

Fonds vir Tydelike Hulp aan Europese Kolporteurs

Ons beveel aan dat die bepalinge van bogenoemde Fonds as volg gewysig word:

1. Dat die bewoording van paragraaf 1, sub-artikel (c) wat as volg lees:

„Dat alle gereelde kolporteurs wat graag hulp uit die fonds wil ontvang, versoek word om een persent van hulle netto inkomste in die fonds te stort, en dat hulle hulle Boek-Depôts daartoe magtig om die bedrag maandeliks af te trek,” as volg gewysig sal word:

„Van alle kolporteurs word verwag dat hulle een persent van hulle netto inkomste in die fonds sal stort, watter bedrag deur die betrokke Boek-Depôts elke maand sal afgetrek word.”

2. Dat die volgende nuwe sub-artikel (f) onder artikel 1 gevoeg sal word:

„In gevalle waar 'n kolporteur nie sy rekening vereffen het nie en in skuld is by die Boek-Depôt (die voorrade in sy besit bygereken) is hy nie geregtig op enige hulp uit die fonds nie.”

3. Dat daar in paragraaf 2 van sub-artikel (c) tussen die woorde „kolporteurs” en „mediese onkoste,” die volgende woorde ingevoeg word: „of lede van sy gesin.”

Huishuur Toelae aan Kolporteurs

AANGESIEN huishuur in die groter dorpe baie hoog is, en

AANGESIEN daar verskeie van ons getroue kolporteurs is wat nie hele huishuur kan bekostig nie,

Beveel ons aan dat daar in gevalle van kolporteurs wat oor 'n tydperk van ses maande 120 uur per maand aan kolporteurwerk bestee het, en wat boeke ter waarde van £20 per maand (kleinhandel) van die hand gesit het, 'n huishuur-toelae gemaak word op dieselfde grondslag as in die geval van konferensiewerkers.

Rapport van die Huishoudelike Kommissie

MEV. J. F. WRIGHT

Die Huishoudelike Kommissie is in 1919 ingestel, maar het in 1922 eers in werking getree — toe daar definitiewe stappe geneem is by die Wêreldkonferensiesitting in San Francisco vir die verwesenliking daarvan.

Die werk van die Huishoudelike Kommissie soos destyds beskryf, is in die eerste plek, 'n samesmelting van die werk wat alreeds in die belang van huishoudelike sake gedoen geword het deur wêreldkonferensie departemente; en in die tweede plek om in die behoeftes te voorsien waarvoor nog nie voorsiening gemaak was nie, soos, byvoorbeeld die gebied van die vroeë huislike lewe — deur middel van korrespondensie, leesstof, inrigtings, en sulke plaaslike organisasies en studie as wat raadsaam geag word.

Sedert daardie tyd is daar baie waardevolle en hulpvaardige leesstof uitgegee, wat handel oor kinderverorsorging en huishouding. Plaaslike verenigings is in baie kerke gestig onder die name van „Ouersvergaderinge,” „Moedersbonde,” „Huis- en Skool-Vereniginge,” ens. Hierdie werk is begin onder die kerke soos al die ander departemente van ons organisasie, maar vandag is die natuurlike en inboorlinge baie begerig om in hierdie rigting gehelp te word.

Soos ons verstaan, het die Buurtsending-Sekretaris van die Sjinese Divisie, bygestaan deur ander werkers, in die blaie wat in die landstaal uitgegee word, studies gepubliseer oor die Christelike huis en die opvoeding van kinders. Die naburige Filippynse Eilande het hulle voorbeeld gevolg, en nou word daar baie goeie werk gedoen deur ouersverenigings, vir wie spesiale lesse voorberei word deur hulle Huishoudelike-Kommissie Sekretaris en andere.

In die Suidelike-Afrikaanse Divisie, die terrein waarin ons die meeste geïnteresseerd is, is daar in die verlede veel gedoen vir die natuurlike deur die vrouens van die sendelinge van die verskillende stasies. En ek moet byvoeg dat die werk grootliks self-onderhoudend gewees het.

Sommige van ons opleidingskole, egter, het groot vordering gemaak in hierdie rigting, en baie van die kleiner stasies is ernstig om hierdie fase van die werk te versterk.

Met die doel om die huislike lewe van ons mense te verbeter deur opheffingswerk onder die natuurlike te doen, het die Divisie-Komitee bietjie meer as 'n jaar gelede 'n voorstel aangeneem om die Huishoudelike-Kommissie in die lewe te roep en te ondersteun. Beide die werkers in die plaaslike velde en die natuurlike self het hiermee ingewillig. Die teenswoordige orgaan van verbinding, waarmee meeste van u seker bekend is, is die *Home Commission Exchange*. In die meeste van ons opleidingskole word daar kursusse gegee in huishoudelike werk, en op sommige plekke

word die mansmense ook geleer. Ons voel dat hulle ook moet weet wat 'n ideale Christelike huis is voordat hulle hulle eie huis opsit, en ons hoop om in die toekoms goeie resultate in hierdie rigting te hê.

Die *Zambesi Union Missionary* bevat artikels oor „die Hervorming van die Huislike Lewe” met die oogmerk om die lesers in staat te stel om die grondbeginsels van goeie huishouding beter te verstaan.

Die kinders is hoegenaamd nie die onbelangrikste deel van die huishoudelike lewe nie, al is hulle klein van gestalte, en dus toon die Suid-Oos Afrikaanse-Unie sy belangstelling in die lammertjies van die kudde deur spesiale lesse vir die kinders in die kwartaal-blaaie van die grootmense te plaas.

Daar die Huishoudelike-Kommissie bedoel is om elke familielid te help, word dit geleer dat die deugde van gehoorsaamheid, eerbiedigheid, getrouheid, self-beheersing, eerlikheid, waarheidlewendheid, liefde, reinheid en gebed in die huis moet aangekweek en beoefen word.

Die werk van die huis en die werk van die kerk is wederkerig. Die een help die ander. Terwyl die kerk sy lidmate inspireer om reg te lewe en goeie lede van die huisgesin te wees, maak die goeie huislike lewe weer beter kerklede, want die huis verskaf die materiaal waaruit die kerklede bestaan. Om beter kerke te hê, moet ons dus beter huise hê, en om beter huise te hê, moet ouers opgevoed word vir hierdie belangrike werk. Dit sal totaal niks help om vir ouers te sê: „Julle moet goed wees, en julle kinders leer om goed te wees,” nie. Dit sal hulle nie veel help nie. Hulle moet onderlig word en geleer word hoe om dit te doen. Op bl. 276 van *Education*, sê Suster White, „Nooit sal opvoeding alles uitvoer wat dit behoort nie, tensy die belangrikheid van die ouers se werk ten volle besef word, en hulle opgelei word vir hulle plegtige verantwoordelikheid.”

„Die werk van die ouers is die grondslag van al die ander werk. Daar is geen belangriker arbeidsveld as die wat aan die stigters en instandhouders van die huisgesin toevertrou is nie.”—*„Ministry of Healing,”* bls. 449, 351.

Die dokters sê dat die algemeenste kwaal van vandag hartkwaal is. Ly die kerk nie ook aan hierdie siekte nie? Die wyse man gee hierdie raad: „Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word (want daaruit is die oorsprong van die lewe.” Spr. 4:23. In haar kommentaar oor hierdie teks, sê die diensmaag van die Here: „Die hart van die gemeente, van die kerk en van die volk is die *huisgesin*.”—*„Ministry of Healing,”* bl. 349. As dit die geval is, behoort die kerk met alle ywer sy hart, wat die huisgesin is, te bewaak.

Ons stem almal saam dat dit waar is, en dat ons dit behoort te doen, en ons wil dit ook graag doen. Maar die vraag is: „Waar is die tyd daarvoor?” Almal is so druk besig! Wie is daar wat tyd het om in hulle eie terrein daarmee aan te gaan.

Die Raad moet hierdie vrae beantwoord en voorstelle maak.

Ons het vyf opleidingskole in die Divisie. Op die Gitwe Sendingstasie in Ruanda, is Sr. Giddings aan die hoof van die meidjies, en daar is 24 onder haar.

In Angola het Mej. R. Visser 42 onder haar bestuur te Bongo. Sy bestee die helfte van haar tyd aan hierdie werk, en die ander helfte gebruik sy om onderwys te gee aan die blanke kinders op die stasie.

In Niassaland wy Mej. Rena Curtis al haar tyd aan die natuurlike kinders waarvan

daar 92 is. Op dieselfde plek sorg Mev. Virgil Robinson vir die vroueafdeling.

Op Solusi is Mej. E. Wright werksaam, waar sy al haar tyd aan die 56 jongmeide spandeer.

Op Spioenkop word daar nog nie 'n gereelde kursus in huishoudkunde gegee nie, maar ek verstaan hulle sal binnekort daarmee begin.

Op Rusanu, N.-Rhodesië, hoewel dit nie 'n opleidingskool is nie, is daar 'n gereelde werkster wat toesig hou oor 50 jongmeide.

Rapport van die Onderwys Departement

MILTON ROBISON

Dit doen ons genoë om vandag die rapport van die Onderwysdepartement van die Suidelike Afrikaanse Divisie vir die sesjarige tydperk sedert ons laaste sitting in te dien.

Die verslag van vooruitgang in ons werk gedurende hierdie periode is merkwaardig, en ons kan dit slegs aanneem as bewys van die leierskap van God in hierdie beweging, en van die stewigheid van die organisasie en geldsake wat ontwikkel het onder Sy leiding. Ons kan slegs uitroep: „Kyk, wat God gedoen het!” en opnuut ons lewes toewy aan ons God en Hom vra dat ons altyd daardie leiding sal volg in iedere besonderheid.

Tenspyte van die probleme en moeilikhede wat ons opvoedingswerk gedurende die pas verstreke ses jaar ondervind het, is ons in staat om vooruitgang te rapporteer:

in Sewende-dag Adventiste Skole dwarsdeur die wêreld is 31% in die Noordelike Amerikaanse Divisie, en 26.4% in die Suidelike Afrikaanse Divisie. Die orige 42.6% is versprei onder die ander nege Divisies, waarvan die grootste 7½% het.

Skole

In 1924 was daar 195 skole in die Divisie. Teen 1930 was hierdie getal 326, 'n vermeerdering van 131.

Die volgende sesjarige tydperk het 'n vermeerdering van 299 skole getoon, sodat die totaal 625 behaal het. Dus kan u sien dat die getal skole amper verdubbel het sedert 1930.

Onderwysers

In 1924 was daar 311 leerkragte, in 1930 was daar 355. Dus was die vermeerdering

	1924 <i>Leerlinge</i>	1930 <i>Leerlinge</i>	1936 <i>Leerlinge</i>
Naturelle en Bruinmense	10,908	18,944	28,301
Blankes	130	208	304
Totaal	11,038	19,152	28,605

Die vermeerdering in die getal leerlinge gedurende die ses jaar geëindig in 1930, was 8,114. Die vermeerdering gedurende die vorige ses jaar was 9,453. Dus het ons gedurende die depressie-jare ons gewone vermeerdering behou en selfs 'n groter vermeerdering as die vorige periode behaal.

Ek was verwonderd om uit te vind dat ons meer leerlinge op ons registers het as enige ander Divisie buitekant Amerika. Volgens die laaste rapporte van die Wêreld-konferensie sien ons die volgende:

In Noord-Amerika is daar in

Kerkskole	16,987
Middelbare Skole	3,416
Opleidingskole en Kolleges	13,140

Die Suidelike Afrikaanse Divisie het 'n totaal van 28,597 en die derde grootste getal is die Noordelike Europese Divisie met 8,223.

Van die totale getal leerlinge van 108,200 44. Vandag het ons 744 leerkragte, 64 meer as tweemaal soveel as in 1930. Ons het ons getal skole byna verdubbel en die getal leerkragte meer as verdubbel tenspyte van die swaar tye. Dit is wonderbaarlik in ons oë, en ek kan u verseker dat dit nie sonder opoffering teweeggebring is nie. Vervul met die gees van hierdie boodskap, het 'n aantal van hierdie werkers uitgegaan op hulle eie onkoste, daar hulle gewillig was om in geloof voort te gaan as hulle maar net in die werk van God kan wees. Baie van hierdie selfonderhoudende werkers het uitstekende werk gedoen, en selfs 'n voorbeeld gewees vir die gereelde werkers in Christelike arbeid en resultate van geredde siele.

Deur middel van ons dorpskooltjies kom ons in aanraking met die mense. Bybel-klasse word gevorm, en kandidate voorberei

vir die doop. U het miskien al prentjies van hierdie getroue onderwysers gesien, waar elkeen met sy klompie na die kampvergaderings kom — met die kosbare siele wat hulle gewen het. Op baie plekke moet hierdie onderwysers onder baie ongunstige omstandighede werk. Ons leerkragte is glad te min, daar ons gemiddeld 37 leerlinge per onderwyser het. Ons weet dat baie onderwysers aansukkel met meer leerlinge as wat hulle kan behartig. Ek weet van party skole waar een onderwyser probeer om 125 of meer leerlinge op te lei.

Dikwels is die geboue en toerusting uiters ondoeltreffend, en is die onderwyser se taak baie moeilik. In sommige dele van die Divisie is daar egter vordering te bespeur wat betref die standaard van die werk, en die werkaangeleenthede. Ek was baie in my skik met die Modelskole en statte wat ek in Niassaland aangetref het, sowel as die Christelike dorpies in Angola en in die Sambesi-Unie. Die Jeanes opgeleide onderwysers is tot groot nut waar hulle ook mag geplaas word.

Opleidingskole

Ek haal aan uit die rapport van die Opvoeding-Sekretaris tydens die Raadsitting in 1931:

„Ek is bly om te kan rapporteer dat dit my oortuiging is dat ons nou begin insien dat die opleidingskool die spil is waarom, nie alleen die opvoedingswerk, maar ook al die ander afdelings van die werk, draai, en dat ons moet begin om stappe te neem om hierdie krygskundige vestings te versterk. Ek sê ons moet begin — en hoop dat die Unie Komitees en Bestuursrade in die toekoms ernstiger aandag daaraan sal wy tot-dit die tyd aanbreek dat ons Opleidingskole 'n groot aantal gekwalifiseerdes sal uitstuur.”

In elke veld is die opleidingskole versterk. Nuwe geboue is opgerig, en die staf en toerusting is uitgebrei. Die leerlinge het vermeerder, en daar is mere opgeleide werkers uitgestuur om in die behoeftes van die veld te voorsien.

Die werk vir die vrouens en meisies geniet spesiale aandag in verskillende dele van die Divisie, en die resultate is baie bemoedigend.

Helderberg het vanjaar de grootste ledestal in sy geskiedenis. Die uitbreiding van die inrigting is bemoedigend, en as 'n mens vandag oor die randjie ry lê die geboue en tuinrye daar wat 'n tydjie gelede slegs in die plan en skets van die argitek bestaan het. Daar is, om die waarheid te sê, nou al meer as wat die eerste plan ingesluit het. Die nuutste ontwikkeling is die nuwe Junior Hostel, wat somer uit die staan-spoor 'n volslae sukses is.

Ten slotte wil ek graag 'n paar van die baie probleme waarmee ons te kampe het, opnoem:

1. Hoe om kinders in die skool te hou sodat hulle hulle werk kan voortsit in die hoër standers. Die verslae toon 'n verbetering in hierdie opsig, maar baie kinders

word uitgeneem na die eerste paar standers.

2. Beter aangeleenthede en beter toesig oor slaapkamers en eetkamers in ons natuurlike-skole.

3. Hoe om die werk vir vrouens en meisies te versterk; die opstel van 'n huishoudelike program.

4. Die moontlikhede vir beter platte-landse geboue.

5. 'n Goeie bou-program vir dorpskole.

6. Hernude pogings om ons blanke kerk-skoolwerk te versterk, en die aangeleenthede te verbeter.

7. Ontwikkeling van hoëre beroepsopleiding te Helderberg.

8. Hersiening van sillabusse.

9. Om alle Unies van 'n opvoedingsdeskundige te voorsien so gou as moontlik, sodat hy 'n aansienlike deel van sy tyd aan die bevordering van opvoeding kan bestee.

10. Sorgvuldige studie van die algemene doel en oogmerke van ons opvoedingswerk, en die spesiale strewe van verskillende soorte skole.



Die Prys van Verlossing

E. M. MELEEN

Bangalore, Indië

Dit was 7 v.m. Vergesel van Leraar D. W. Hunter, superintendent van die Telugu Sending, het ek met die Oesinsamelingswerk in die dorp Ellore begin. Terwyl ons in die stowwige strate stap het dit hard begin te reën, met die gevolg dat ons in die naaste huis ingegaan het vir beskutting. Soos gewoonlik is ons gasvry ontvang hoewel ons ongenooi gekom het. Daar dit die huis van betreklik welgestelde mense was, het die huis 'n hele paar kamers gehad, waarvan almal groter as die gemiddelde soort huise van die armes was.

Op die vloer, in een van hierdie kamers het 'n jong man gesit, wat vir al wat hy wêrd was in 'n oefeningboek, soos die wat dikwels deur klein kinders in die skool gebruik word, sit en skryf het. Vanwaar ons gestaan het, het dit gelyk of hy dieselfde letter oor en oor op die een lyn na die ander geskryf het. Waarlik, het ons gedink, dit kan nie 'n oefening in die skryfkuns wees of 'n spelles nie. Ons het dus gebruikgemaak van die gasvryheid en vriendelikheid, nader geloop en gevra, „Wat skryf jy?”

„Ek skryf die naam Shree Rama” was die antwoord.

„En waarom skryf jy dit so baie keer?”

„Ek probeer om hierdie naam 'n crore (tien miljoen) maal te skryf.”

„En as jy dit nou 'n crore maal geskryf het, wat gaan jy dan maak?”

„Dan sal ek 'n pelgrimsreis onderneem na Puri om die boeke daar in die tempel te gaan plaas.”

„Waarom wil jy dit dan graag doen?”

„Omdat, as ek hierdie boeke in die tempel gaan sit het, met Skree Rama se naam crore maal in hulle geskryf, my sonde sal

vergewe wees, en ek ewige geluk met die volgende geboorte kan hê.”

„Hoelank werk jy daeliks daaraan?”

„Twee of drie uur en soms meer as ek tyd het.”

„Weet jy hoe lank jy sal moet werk om die naam soveel maal te skryf?”

„Ek het dit nog nie uitgerekene nie, maar gee nie om hoe lank dit sal wees nie.”

Ons het die bladsye van elke boek getel, die getal lyne op elke bladsy, en deur te bereken hoeveel tyd nodig was om een bladsy op te vul, was ons gou in staat om hierdie jong man mee te deel dat sy ontsaglike taak niks minder as veertig jaar sou neem nie, en dat hy op die voltooiing daarvan twee-en-sestig jaar oud sou wees. Oënskynlik verbaas oor onse uitvinding, het hy geantwoord, „Ek sal dus harder en vinniger moet werk, sodat ek dit in twintig jaar kan klaarkry.”

„Maar hoe weet jy dat jy sal leef tot jy meer as sestig jaar oud is?” het ons gevra.

„As ek dit nie regkry nie, sal my sonde nie vergewe word nie, en dan sal ek maar weer in 'n ander vleeswording probeer,” was die geduldige antwoord.

Kort na ons besoek aan hierdie jongman, het ons in die koerante 'n verslag gelees van 'n ou man wat 'n dergelike taak vol-eind het, en met grote plegtigheid baie karvragte boeke met crore afskrifte van hierdie naam afgelewer het. Hy het sy hele lewe aan daardie werk bestee.

Ons probeer om die hart en verstand van die mense van sulke ydele dinge weg te kry. In plek daarvan gee ons hulle die evangelie van verlossing deur Christus. 'n Milde Dertiende-Sabbat offerande sal ons help in hierdie werk.



„Ons behoort ag te slaan op die woorde van Paulus: „Maar jy, man van God, . . . Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe.” 1 Tim. 6:11, 12. As ons wil neutraal bly in die geestelike stryd is ons verlore.”

The Southern

African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)

Subscription price, 2/6 per annum

D. A. WEBSTER Editor.

Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright President.
C. W. Bozarth Treas. and Auditor.
M. P. Robison Secy. and Ed. Secy.
L. L. Moffitt M. V. Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge Medical Secy.
F. E. Potter H. M. and Field Miss. Secy.
L. L. Moffitt Religious Liberty Secy.

Important Announcement

A Bible Workers' Institute

RECOGNISING the importance of the Bible worker's part in our evangelistic work, and the need of a stronger force of Bible workers in our European evangelistic efforts, there was passed at the South African Union Constituency and Camp-meeting Session held at Bloemfontein, recently, the following resolution:

"Resolved, (1) That further study be given to the crying need of developing a large number of trained Bible workers, by organising a workers' convention during the month of August, 1937.

"(2) That such convention be conducted at Bloemfontein under the direction of experienced evangelistic workers.

"(3) That every lady Bible worker in the Union be invited to attend, and

"(4) That special efforts be made to enlist and recruit new workers of promise to be trained in this intensive school for active service."

The plan is to help those who are already engaged in Bible work and to train others who are interested in this line of endeavour. It is felt that there are many who will gladly avail themselves of the opportunity of getting this instruction. The Institute will be held for a period of three weeks during the month of August.

Although Bloemfontein is mentioned in the resolution as the place of meeting, yet the ultimate decision in regard to this will depend on the number of applications received from the various parts of the field.

Helpful courses of study will be offered and leading evangelistic workers will be in charge of the institute. Special attention will be given to the following:

Bible Doctrines,
Secular History,
Church History,
Denominational History,
Church Organisation,
Church Officers and Their Duties,
Meeting Objections,
Methods.

All who wish to join this class for special instruction should send in their names without delay, to their respective conference presidents from whom further information may be obtained.

We sincerely hope that many will avail themselves of this unique offer.

J. E. SYMONS.

✱ ✱

Gardener Wanted

YOUNG man who has knowledge and ability to look after vegetable and flower garden, attend to the milking of cows, and supervising of natives in this type of work. Apply Dr. W. H. Haupt, Nongoma, Zululand, Natal.



STATION

"H.I."

CALLING

OPERATING ON

10,500 METRES

- CAMPAIGN TIDINGS -

Appreciation

The splendid efforts put forth by workers and lay-members in the South African Union on behalf of the 1937 Harvest Ingathering campaign have been very gratefully appreciated by the Home Missionary Department of the Southern African Division. We take this opportunity of extending to all who took part in the campaign our very sincere thanks.

The campaign was a model of good leadership and willing followership. May heaven's rich blessing be added to the funds received, and may the contacts made between God's people and the public prove fruitful in extending His kingdom on earth.

F. E. POTTER.

Waardering

Die uitstekende dienste van die werkers en leke gedurende die 1937 Oesinsamelingsveldtog word ten seerste gewaardeer deur die Buurtsending-departement van die Suidelike Afrikaanse Divisie. By hierdie geleentheid wil ons ons hartlike dank betuig aan almal wat deel gehad het in die veldtog.

Wat leierskap betref, asook ondersteuning van die kant van die leke, was die veldtog 'n skitterende sukses. Mag die Here die middele ryklik seën wat ingesamel is, en mag die aanraking van Gods volk met die publiek daartoe bydra om Sy koninkryk op die aarde uit te brei.

F. E. POTTER.

Ingathering Notes

At the end of the fourth week twenty churches are over their goals and eleven have doubled or more than doubled their goals. They really deserve special mention. They are: Beaconsfield, Worcester, Loeriesfontein, Retreat, Uitenhage, Beaufort West, Cra-

year than last year, and that some of the churches were unable to start on time owing to supplies being late in reaching them.

THE Natal-Transvaal Conference has given splendid service, and is primarily re-

Natal-Transvaal Conference	£3442	£2320	£922	
Cape Conference	1550	1601		£51
Cape Field	319	326		7
North Bantu Field	435		435	
South Bantu Field	62		62	
South African Union Conference	5798	4247	1551	

dock, Graaff Reinet, Helderberg, Kimberley, Kingwilliamstown, Pretoria, Germiston, Gezina, Alberton, Lilani, Primrose, Orange Grove, Durban Indian, Krugersdorp, Bethlehem, Durban, Brakpan, Booyens, Boksburg, Ladysmith, Reitz, Parys, Evaton, Potgietersrust.

This increase over last year becomes enlightening when it is remembered that the workers started seventeen days later this

sponsible for our increase over last year. The Cape Conference is very little behind last year and will yet exceed last year. The Cape Field shares with the Cape Conference in being a little behind last year. The Mission Fields have had their European workers Ingathering, but their native believers have barely started work. They will yet send in a large overflow.

F. G. CLIFFORD.